Ds is jy op die wa?

Peet Bester

"Jy is van die wa af" lui die ou uitdrukking wat ons hoor wanneer iemand beskryf word wat of onvanpas optree of gewoon net verkeerd dink. Die uitdrukking kan goedskiks gebruik word om oor die bediening te gesels. Daarom die volgende vraag:

Is jy op die wa met jou bediening?

Hierdie vraag is egter so wyd dat mens 'n ossewa daarin kan omdraai. Dit gaan ons nie doen nie. Nee, die vraag gaan bloot oor of jy dink jou bediening is op koers. Om hieroor te dink sal mens dadelik weer uitgedaag word met 'n klomp vrae oor watter koers is nou ter sprake en hoe meet mens dit. Wat die wêreld van die predikant betref is daar soveel dimensies om aan te dink wat koers sou kon bepaal en beïnvloed. Wat is en hoe lyk 'n goeie dominee? Vra mens die plattelandse lidmaat gaan die antwoord dalk anders wees as die antwoord van die makro gemeente in die stad. Vra mens 'n jonger lidmaat is dit anders as die ouer lidmaat. Die waarheid is dat al hierdie vrae om ons koppe draai en ons dikwels laat met 'n gevoel van "ek is van die wa af..." Ja ons weet dat ons nie alles vir almal kan wees nie maar tog probeer ons maar. En elke keer as mens besef wat jy dalk nog kon gedoen het, wie jy nog kon besoek het , watter punt jy nog in die preek kon gemaak het, eindig mens maklik op die stofpad langs die wa.

Van watter wa word hier nou eintlik gepraat?

Die "wa" as beeld van 'n voertuig wat my saamneem is nie om dowe neute gekies nie. Om predikant te wees is om deur God beweeg te word. Die verlossing en heelmaking van mense is nie my eiendom wat ek na goeddunke kan uitdeel nie. Ons gebruik juis die term roeping om aan te dui dat ek nie uit vrye wil self hierdie keuse gemaak het nie. Ek word geroep om by God op Sy wa te klim. Dis Syne en Hy dra die verantwoordelikheid daarvoor. Ons vergeet so maklik hierdie basiese waarheid dat Hy my bediening bestuur. Hy is in beheer van die gemeente, die uitkoms is ook Syne. Ons hoor klomp stemme om ons oor ons vaardighede en opleiding. Dit is belangrik maar die beweging van my gees, my afhanklikheid, my vrede en vele ander dinge hang af van hoe sien ek myself. Is ek op die wa of nie?

Watter betekenis het dit nog dat ek op die wa is?

Om op die wa te wees is om deel te wees van God se bediening deur Jesus se lewe. Jesus se lewe neem my lewe op sleeptou, dit bring my in beweging. Daar waar Jesus is, daar is die kerk. Om in Jesus se lewe te deel is om deel te wees van God se voortgaande bediening. Ons is in Jesus op God se wa!

Verder, om op God se wa te wees beteken ek het van myne afgeklim. Dit beteken die kruisiging , die dood van my bediening. Goeie getroue bediening beteken dus dat ek weet dis nie myne nie. Die basis van my bediening is die voortgaande bediening van Jesus. Hy is die een wat die vrag moet dra, Hy moet mense red. Hierdie bediening van Jesus verplaas my weg van die troon van "my" bediening. Die feit is; dit was egter nog nooit myne nie. Ons vermoë het grense en ons is nie gemaak om hierdie grense oor te steek nie.

Of ons nou suksesvol is of onsuksesvol of iewers in die middel, ons is in die pad as ons nie op Sy wa is nie. Of ons nou met min vaardigheid of te veel vaardigheid opereer, met min handgeklap of met groot ovasie maak nie saak nie. God bring ons by 'n punt waar Hy ons bediening kruisig. Hierdie tweede kruisiging, om op die wa te wees, stel ons in staat om die wonderlike vryheid van die bediening te ervaar soos Paulus dit uitroep in Gal.2:20 "Dit is nie meer ek wat lewe nie maar Christus wat in my lewe." Dit gaan om 'n ander fondament. Soos wat die geval is in geloof en aanbidding, nou ook in my bediening, doen Hy vir ons wat ons nie vir onsself kan doen nie!

Daarom die vraag: Is jy op die wa of nie?

(Enkele gedagtes uit "The crucifixion of ministry" deur Andrew Purves)